Februarie 2021

Mpumalanga

AANPLANTINGSVERSLAG

RANDAGRI

Verslag Agtergrond

Rand Agri se graanverhoudingbestuurders het soos gewoonlik vroeg Februarie hul jaarlikse oesaanplantingsreis onderneem. Die doel van die toer was om die toestande van gewasse (mielies, sojaboon en sonneblom), wat in hierdie areas aangeplant is te bestudeer.

Rand Agri se kundiges verskaf in die volgende bladsye ‘n oorsig oor die aanplantingstoestande in die areas.

Bethal: Mielies

- Meeste mielies is tans in bestuiwingsfase en vertoon baie goed na die reën.
- Opvolgreën is noodsaaklik om ‘n bo-gemiddelde oes te verseker.

Bethal: Sojabone

- Meeste sojabone vertoon baie goed na die reën.
- Opvolgreën is noodsaaklik om ‘n bo-gemiddelde oes te verseker.

Morgenzon: Sojabone

- Sojabone vertoon goed na die reën, maar van die lande se sojabone is baie jonk en wys vroeë waterskade.
- Opvolgreën is noodsaaklik om ‘n gemiddelde-oes te verseker.

Morgenzon: Mielies

- Meeste mielies - die tans in saad, en die ander wat nou in saad begin kom - vertoon baie goed na die reën.

- Opvolgreën is noodsaaklik om ‘n bo-gemiddelde oes te verseker.

Platrand: Sorghum

- Heelwat sorghumlande is in die gebied gesien.
- Die lande vertoon baie goed.

Standerton: Mielies

- Meeste mielies is tans in saad en vertoon baie goed.
- Dié mielies is heelwat vroeër aangeplant.
- Daar is nog genoegsame vog om tot middel-Februarie te gaan.
- Opvolgreën is noodsaaklik om ‘n bo-gemiddelde tot rekordoes te verseker.
- Tans is ‘n bo-gemiddelde oes op hande.

Val: Mielies

- Meeste mielies kom in saad en die ander is reeds vol in saad.
- Mielies vertoon baie goed op die oomblik.
- Opvolgreën is noodsaaklik om ‘n bo-gemiddelde oes te verseker.

Standerton: Mielies

- Meeste mielies is tans in saad en vertoon baie goed na die reën.
- Dié mielies is ietwat vroeër as die van Bethal aangeplant.
- Opvolgreën is noodsaaklik om ‘n bo-gemiddelde tot rekordoes te verseker.

Witbank: Mielies

- Dié mielies is so twee weke later in ontwikkeling as die res van die omgewing se mielies.
- Die mielies vertoon tans gemiddeld, maar benodig nog opvolgreën.

Witbank: Sojabone

- Sojabone in die gebied benodig opvolgreën.
- Tans word ‘n gemiddelde oes verwag.

Balmoral: Mielies

- Mielie-ontwikkeling in die gebied is agter die res van Mpumalanga-mielies.
- Grond vogtoestande is voldoende.
- ‘n Potensiële gemiddelde-oes is moontlik, maar benodig egter opvolgreën.

Balmoral: Sojabone

- Enkele lande vertoon goed, maar dié lande is in die minderheid.

Bronkhorstspruit: Mielies

- Die Bronkhorstspruit-area was baie droog.
- Mielies vertoon ongelyk op sommige lande.
- Opvolgreën word verlang in die gebied.

Bronkhorstspruit: Sojabone

- Sojabone is baie mooi.
- Indien daar opvolgreën is, kan ‘n bo-gemiddelde oes verwag word.

Bapsfontein: Sojabone & Mielies

- Graan in die gebied is baie mooi en ‘n rekordoes kan uit hierdie area verwag word.

Sundra: Sojabone & Mielies

- Graan in die gebied lyk baie mooi en ‘n bo-gemiddelde oes kan uit die gebied verwag word.

- Mielies is reeds in bestuiwingsfase.

Delmas: Sojabone & Mielies

- Meeste mielies is onegalig.
- Toestande in hierdie gebied was droog op sommige lande.
- Sojaboonlande is baie wisselvallig, sommige van die lande is baie mooi met goeie potensiaal. Terwyl ander lande nou eers weer groei begin toon na die goeie reën.
- ‘n Gemiddelde-oes word in hierdie gebied voorspel.

Ogies: Sojabone & Mielies

- Daar is duidelike tekens van droogtestremming op die vroeë-aanplantings. Laat-aanplantings gaan beter doen.
- Ogies het mooi lande en ook swakker sandgrond-lande.
- ‘n Gemiddelde-oes word voorspel.

Leandra: Sojabone & Mielies

- Bo-gemiddelde oespotensiaal

GEVOLGTREKKING

- Die opbrengspotensiaal oor die algemeen in Mpumalanga, vertoon bo-normaal goed
- Gewasse in gedeeltes van Mpumalanga lyk uitstekend.
- Die volgende drie weke is bepalend met opvolgreën wat verwag word om rekordoeste te verseker.
- Potensiële mielie-opbrengste voldoen aan, en mag dalk selfs verwagtinge oorskry.
- Gedeeltes van Mpumalanga is reeds in bestuiwingsfase.
- Die Ogies-gebied toon duidelike tekens van droogtestremming op die vroëe-aanplantings.
- Die Mpumalanga mielie-oes sal vroeër afgehaal word as die van Noordwes en Wes-Vrystaat.